SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT

SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT

Verslag oor maatskaplike werkers Mei 2022

Nicolien Welthagen

April 2022

Inhoud

Inleiding 2
Biografiese en demografiese inligting 3
a. Ouderdom en geslag 3
b. Provinsie 3
c. Maatskaplikewerk-omgewing 4
d. Privaat praktyk, organisasie of staat 4
Dra die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling lede se belange op die hart? 5
Uitdagings wat maatskaplike werkers in hul beroep ervaar 10
Primêre uitdagings met die Departement 12
Waarom hulle die beroep gekies het 14
Is daar voldoende toesig en supervisie? 16
Gevalle waar die Departement nie eties reg opgetree het nie 18
Gevalle waar die Departement nie in die beste belang van die kliënt opgetree het nie 21
Noodsaaklike hulpbronne vir maatskaplike werkers 22
Wat die Departement kan verander 25
Uitdagings met die Departement 27
Dra die SACSSP hul belange op die hart? 30
Bewusheid van die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers 32
Wat die netwerk meer vir lede kan doen 32
Samevatting 33

Lys van figure

Figuur 1 Ouderdom en geslag 3
Figuur 2 Provinsie 3
Figuur 4 Maatskaplike omgewing 4
Figuur 5 Privaatpraktyk, organisasie of staat 4
Figuur 6 Lede se belange 5
Figuur 7 Uitdagings 10
Figuur 8 Uitdagings met die Departement 12
Figuur 9 Bewus van die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers en is jy 'n lid? 32

Inleiding

Dit is vir die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers belangrik om kwaliteit-ondersteuning aan maatskaplike werkers te lewer en ondersteuning te bied waar nodig. Daar is besluit om 'n navorsingsondersoek te loods na kwessies en probleme wat maatskaplike werkers in hul beroepe ervaar en ook vas te stel of hulle genoeg ondersteuning en hulp van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD – "Department of Social Development") en die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SACSSP) ontvang.

Doelwitte. Die doelwitte van die navorsing is sodat die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers die stand van maatskaplike werkers se verhouding met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling kan bepaal. Uitdagings wat hulle binne hul beroepe en met die SACSSP ervaar, word ook ondersoek.

Metode. 'n Elektroniese vraelys is op Survey Monkey opgestel (https://www.surveymonkey.com/r/Mtskaplikewerkers). Dit is navorsing deur 'n ondersoekende opname en daar word van gemengde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodiek gebruik gemaak. Die vraelys is gedurende April 2022 deur middel van die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers se kommunikasiekanale (hoofsaaklik Facebook en SMS'e) na soveel as moontlik respondente versprei.

Biografiese en demografiese inligting

a. Ouderdom en geslag

Figuur 1 Ouderdom en geslag



Die meeste van die respondente is ouer as 46 jaar (60,2%), met 30% van hulle tussen 46 en 55 jaar oud. Byna al die respondente (91,8%) is vroulik en slegs 12 mans het aan die navorsing deelgeneem.

b. Provinsie

Figuur 2 Provinsie



Sowat die helfte van die respondente (48%) woon in Gauteng.

c. Maatskaplikewerk-omgewing

Figuur 3 Maatskaplike omgewing

Die meeste (42,5%) van die maatskaplike werkers is by kindersorg betrokke.

d. Privaat praktyk, organisasie of staat

Figuur 4 Privaatpraktyk, organisasie of staat



Slegs 13,6% van die maatskaplike werkers het aangedui dat hulle vir die staatsdiens werk. Die meeste maatskaplike werkers (42,2%) is by ’n nieregeringsorganisasie (NRO) (Engels: “non-governmental organisation – NGO”) of privaat instansies (21,1%) werksaam.

Dra die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling lede se belange op die hart?

Figuur 5 Lede se belange



Die oorgrote meerderheid (80,8%) voel dat hul belange nie op die hart gedra word nie.

Die respondente (119) het die volgende gesê:

<u>Geen samewerking en ondersteuning, swak dienslewering en swak verhouding met maatskaplike werkers (69%)</u>

Die maatskaplike werkers voel dat hulle **geen ondersteuning of samewerking** van die Departement ontvang nie. Samewerking word as baie swak beskryf en maatskaplike werkers voel dat die Departement eerder teen hulle as saam met hulle werk. Maatskaplike werkers word nie ondersteun en voldoende bemagtig om hul werk te doen nie. Daar is ’n sterk gevoel dat hulle net nie omgee nie. Dit is vir baie maatskaplike werkers moeilik om saam met die Departement te werk omdat hulle klaarblyklik onvriendelik en onbehulpsaam is.

- *Samewerking met maatskaplike werkers van DSD is baie swak.*
- *Voel die Dept werk teen ons nie saam met ons nie. They couldn’t care less about the social workers in the field.*
- *Ons hande word nie gesterk om kinders te help nie.*
- *Daar is geen ondersteuning nie.*
- *Dis 'n nagmerrie om saam met die Departement te werk. Hul is onbedagsaam, onvriendelik en onbehulpsaam. Sake wat na die Departement verwys word, word nie deeglik ondersoek nie en minimaal word gedoen net om dit af te handel. Die houdings wat jou groet as jy 'n besoek aflê as blanke persoon spreek boekdele.*
- *Ons kry min tot geen samewerking met DSD nie. Ek werk vir n kinderhuis en as ons probleme met kinders ervaar, kry mens nooit die maatskaplike werkers van DSD in die hande vir hulp nie. Maatskaplike werkers verander areas sonder om die kinderhuis in kennis te stel, hulle laat bevele verval, tree nie in belang van kinders op nie.*

Van die respondente sê ook dat die Departement **geen insig het nie, nie luister nie en baasspelerig is**. Hulle word selfs as arrogant en boelies beskryf wat slegs hul eie belange op die hart dra en nie omgee vir die kwaliteit van hul werk nie en dikwels 'n meerderwaardige, voorskriftelike en dreigende houding inneem. Die Departement is glo vinnig om maatskaplike werkers te veroordeel, te verkleineer en om foute uit te wys terwyl hul eie werkswyse ongeorganiseerd en swak is. Van die respondente noem dat die Departement hulle laat voel asof hulle onwaardig en dom is. Hulle verstaan nie wat in die veld aangaan nie. Daar word baie eise en voorskrifte gestel, maar geen ondersteuning aangebied nie. Die Departement word oor die algemeen as onbekwaam beskou. Maatskaplike werkers voel of hulle nie gehoor word nie. Daar word nie met hulle gekonsulteer nie en nie na hulle standpunte, insig of opinies geluister nie. Dit is asof die Departement nie die wêreld van 'n wit maatskaplike werker verstaan en respekteer nie. Die Departement wil hul eie eensydige standpunte en beleide op almal afdruk. Dit wil soms voorkom asof die Departement nie hul eie rol verstaan of weet wat die omvang van hulle werk is nie.

- *They are bullies and abuse their power.*
- *DSD is net daar om hul eie belange te dryf. Geen insig of belangstelling t.o.v. kwaliteit van dienslewering net, slegs kwantiteit.*
- *National DSD does what they feel like doing without proper consolations*
- *Nee, aangesien ons nie gehoor word nie, en hulle standpunte en beleide op ons afgedruk word.*
- *Jaag net hul teikens na en interne prosesse en luister nie noodwendig na die diensleweringsorganisasies nie*
- *Hulle verstaan nie my rol nie. Hulle beskou my as wit, bevoorreg en nie van toepassing nie.*
- *Geen ondersteuning as mens 'n saak aanmeld nie. In my omgewing is dit slegs cmr wat ons bystaan. Met verwysing van statutere sake stry hulle en wil hê ek, wat geen statutere magte het nie, moet kinderhofsake hanteer. Dis belaglik*
- *Departement is gefokus op hul statistiek bv om sekere hoeveelheid kinders in ouers se sorg terug te plaas ongeag of dit in kind se belang is.*
- *Most of the time decisions that are taken are not in the best interest of the clients we serve but rather to protect the executive. Making the social worker to feel unworthy or stupid.*
- *Ek ervaar dat ons maar heeltyd in ons spoor moet trap. Ek behoort aan die gilde, sou dink die vereniging behoort so iets vir sy mense te hê, maar net voorskrifte.*
- *They prescribe what community outreach programs must be implemented. We dont receive any support, only instructions.*
- *Hulle soek eerder net fout. Bied geen ondersteuning aan in probleem situasie nie.*
- *Daar word beslis nie in belang van ons kinders opgetree nie en NGO's word so gedruk om teikens te bereik, maar werkers van die staat sit agteroor en lewer minimale diens aan hulle kliënte basis. Deur wie word hulle gemoniteer?*
- *Verslae wat baie kundigheid en tyd neem om te voltooi raak weg, hul alg administasie en werkswyse is ongeorganiseerd, hul dra nie die belange v hul kliente op hart nie. Geen redelike en duidelike kommunikasie vanaf hulle nie.*
- *Hul is baie meerderwaardig en voorskrywend teenoor NGO's terwyl hul eie werk en gesindheid nie van goeie gehalte spreek nie, en daarvoor verdien hulle DUBBEL die salarisse as m/w by NRO's.*
- *They pretend that NGO's are their partners but the Dept is arrogant, ignore the needs of NGOs, do not include NGOs in decision making and totally ignore the hard work and commitment from NGOs. Decision making is to promote a certain race group and ignore the other races. Openly racist in their approach.*
- *Neem besluite sonder om maatskaplike werkers of organisasies in die saak te ken. Stel nuwe prosedures in sonder behoorlike opleiding en verwag dan alles moet reg gedoen word. Besluite maak dikwel nie sin, hulle is ver verwyderd van realiteit. Nie altyd toeganklik nie. Stuur korrespondensie uit en verwag reaksie of voltooide vorms binne 'n uur of twee.*

- *Hul is baie meerderwaardig en voorskrywend teenoor NGO's terwyl hul eie werk en gesinheid nie van goeie gehalte spreek nie, en daarvoor verdien hulle DUBBEL die salarisse as m/w by NRO's.*
- *Hulle houdings van superioriteit maak my ook naar.*

Dienslewering aan maatskaplike werkers is uiters swak. Die respondente het talle voorbeelde en gevalle genoem waar die Departement onprofessioneel, onbevoeg, lui en laks voorkom. Hulle neem lank om te reageer, ignoreer soms verwysings en hulle werk is van swak gehalte. Daarby is hul administrasie ongeorganiseerd en hul kennis nie voldoende nie. Hulle werksetiek en kwaliteit van werk is swak. Verslae en dokumente word dikwels geïgnoreer en bly onaangeraak op lessenare lê. Dokumente raak dikwels weg en moet heringedien word. Die gevolg is dikwels dat kliënte, waaronder kinders, nie gehelp kan word nie.

- *Hulle dienste en professionaliteit is uiters swak. Hulle tree nie op in belang van die beskerming van kinders nie.*
- *Pateties, onbevoeg en lui.*
- *Hulle reaksie tyd vir ernstige gevalle is baie lank. Neem soms weke. Of hulle gee net nie aandag aan verwysings nie, verloor dit ens. Hulle maak my skaam vir my beroep.*
- *Dink hul is onaantasbaar, daag laat by howe op of glad nie.*
- *Verslae wat baie kundigheid en tyd neem om te voltooi raak weg, hul alg administasie en werswyse is ongeorganiseerd, hul dra nie die belange v hul kliente op hart. Geen redelike en duideloke kommunikasie vanaf hulle.*
- *Ons wag maande vir bevele wat van hulle af moet kom.*
- *As jy verslae, statistiek of ander belangrikke dokumente moet indien is daar bittermin personeel op kantoor, en as jy by sekere beamptes se lessenare kom, is jou dokumente wat jy 3 weke terug ingehandig het nog net so op hul lessenaar onaangeraak*
- *DSD gooi konstant dokumente weg wat herhaaldelik weer ingedien moet word op onkoste van die sentrum.*
- *Kwaliteit van werk, ondersoeke en dienslewering baie swak.*
- *Hul is ongeorganiseerd en dra nie kennis van wat aangaan op grondvlak nie.*
- *Hulle ignoreer enige verwysings en volg nie aanmeldings op nie.*
- *Never complete their tasks in time or don't do it at all.*
- *Dienslewering ten opsigte van ons versoeke en verwysings is swak.*
- *Swak werksetiek*
- *Hul stel die naam van maatskaplike werkers in n swak lig.*
- *Ek vewys glad nie meer na hulle nie. Swak samewerking en terugvoer.*
- *Daar is al verskeie gesprekke met die Departement gevoer oor kwessies wat ons werk moeilik maak (binnelandse sake, dokumentasie van kinders in SA en van buiteland, tekort aan hulpbronne) maar geen aksie word geneem nie. Intussen word kliënte in die steek gelaat... kan nie matriek skryf of werk kry sonder dokumentasie nie.*
- *Hulle gee nie vir die kliente die diens wat hulle verdien nie, as hulle wel besluit om n diens te lewer gaan hulle op n "witch hunt" met organisasies wat wel doen. Hulle plaas kinders terug waar jy weet hulle binne n paar maande weer in die sisteem geplaas gaan word en mens kry nie samewerking wanneer daar moet wees nie.*
- *Die mw's weet dikwels nie hoe die sisteme werk nie en verstaan nie altyd die rol van die NGO'S nie.*
- *Hulle diens lewering is uiters swak. Maar is wel baie vinnig om vingers na ander organisasies te wys. Hulle help maatskaplike werkers glad nie.*
- *Hul is ongeorganiseerd en dra nie kennis van wat aangaan op grondvlak nie*
- *Uiters nutteloos. Nooit beskikbaar nie. Lewer geen dienste volgens hul mandaat nie en die mense wat daar werk is net eenvoudig dom en onbekwaam.*
- *Hofverslae moet soms tot 3x ingehandig word vir kanalisasie deur die dept. Hul verloor dit.*
- *Die sisteme laat die publiek in die steek!*

- *Verslae t.o.v. kinderslagoffers en kinderoortreders, vat maande om voltooi te word, en soms word dit glad nie voltooi nie en die hof trek net die saak van die hofrol af terug.*

Die Departement stel onbillike, onredelike en onrealistiese verwagtinge sonder die nodige hulp, ondersteuning of insig. Die verwagtinge rakende administrasie, statistiek en verslae is veral te veel. Maatskaplike werkers voel dat die Departement onredelik is en te hoë eise stel. Hulle konsulteer nie met NGO's nie en stel vereistes sonder om maatskaplike werkers in die proses te ken. Prosedures word soms verwyderd van realiteit verander sonder die nodige opleiding aan maatskaplike werkers.

Deel van die arrogante en meerderwaardige houding, soos in die vorige paragrawe bespreek, spruit ook uit gevalle waar maatskaplike werkers daarmee gedreig word dat hul subsidies teruggehou gaan word as hulle nie die vorms en statistiek byhou nie. Die ironie is dat die Departement se eie administrasie en bestuur swak en slordig is. Dit plaas ook 'n groter las op maatskaplike werkers omdat die Departement verslae en papierwerk verloor wat dan weer ingevul en geskryf moet word.

- *Too much admin expected from social workers who are already under pressure for deadlines, reports and follow ups. Also, NGOs are under staffed!*
- *Hulle vra goed (statistieke) wat geen mens op aarde vir hulle akuraat kan gee nie. Onlangs het hulle ons gevra oor statistieke vir die laaste 12 jaar, wat nie informasie is wat ons normaalweg notuleer nie.*
- *Vereistes onredelik*
- *Hulle vra nou en dan statistiek, buiten die gewone maandelikse statistiek en verwag ons moes al laas jaar reageer het.*
- *Is baie 'demanding'*
- *Ons organisasie kry geen verhoging in subsidies die afgelope 3 jaar nie. Hul dreig elke maand as ons nie duisende vorms voltooi en ons statistiek vir hul stuur nie.*
- *Neem besluite sonder om maatskaplike werkers of organisasies in die saak te ken. Stel nuwe prosedures in sonder behoorlike opleiding en verwag dan alles moet reg gedoen word. Besluite maak dikwels nie sin, hulle is ver verwyderd van realiteit. Nie altyd toeganklik nie. Stuur korrespondensie uit en verwag reaksie of voltooide vorms binne 'n uur of twee.*
- *Het vir die laaste 4 jaar nie eers n kwitansie gekry as bewys dat ek my registrasiefooie betaal het nie en geen registrasiekaart ontvang om te wys dat ek mag praktiseer nie.*

<u>Kommunikasie baie swak, kry hulle nie in die hande nie (28%)</u>

Maatskaplike werkers is ontevrede met die kommunikasie en interaksie met die Departement. Daar is dikwels geen konsultasie met maatskaplike werkers nie. Die respondent noem dat die Departement nie terugvoer gee nie en nie opvolg nie. Hulle voel dat hulle nie in ag geneem of na geluister word nie. Terugvoering is stadig en nie van hoogstaande gehalte nie, en verslae raak dikwels weg of dokumente word nie geteken nie.

Die respondente kla dat e-posse en telefoonoproepe nie beantwoord word nie en dat die Departement se werknemers nie opdaag vir vergaderings of hofsake nie. Die persepsie bestaan dat hulle net nooit beskikbaar is nie.

- *DSD se kommunikasie is pateties en sal hul op kort kennisgewing ons inlig om inligting, verslae, statistiek te verskaf of werkswinkels by te woon. Hulle het geen respek daarvoor dat ons dagboeke reeds vol is en nie alles net kan "drop" om aan hul vereistes te voldoen nie. DSD skep die indruk dat hul "baas" en NPO's "klaas" is."*

- *Oor die algemeen sukkel jy om verslae vir howe of agtergrond verslae uit die veldwerkers te kry, hulle antw nie oproepe of e-posse, daag nie op vir vergaderings nie, daag nie op by die kinderhowe nie..."*
- *Kommunikasie is swak en kantore deesdae meer gesluit as oop.*
- *DSD se kommunikasie is pateties en sal hul op kort kennisgewing ons inlig om inligting, verslae,*
- *Hul is nooit beskikbaar nie.*
- *Geen interaksie met Maatskaplike Werkers, net bestuur.*
- *Swak kommunikasie*
- *Volg nie op nie en gee ook geen terugvoer nie.*
- *Kommunikasie na en van die Departement is altyd n uitdaging. Hulle gee nie sommer terugvoer nie.*
- *Ek weet nie waarvoor ek registrasie betaal nie. Jy kan hulle nooit telefonies of per e-pos bereik nie. Hulle stuur nie eens bewys van registrasie nie. Hulle kommunikeer op geen manier met my nie.*
- *Daar is selde enige terugvoer rakende verwysings wat gestuur word.*
- *Hulle antwoord nie eens hulle telefone nie, hoe kan ek hulle vertrou met belangriker inligting?*

Subsidies en salarisse (12,6%)

Klagtes rakende subsidies behels hoofsaaklik dat dit nie betyds betaal word nie en dat dit te min is. Subsidies word ook nie oor tyd verhoog nie en is onvoldoende om in die behoeftes te voorsien. Deel van die probleem is administratief, wat binne beheer van die Departement is. Hulle teken nie ooreenkomste en kontrakte betyds nie. Sommige respondente noem dat hulle geen subsidies ontvang nie.

Maatskaplike werkers se salarisse is veral swak in vergelyking met ander professies en staatsamptenare in die algemeen.

- *Ontvang geen subsidie nie. Daar is baie mense wat gratis hulp vir dwelmafhanklikheid benodig.*
- *Laat betalings van subsidies.*
- *Subsidies onvoldoende*
- *Subsidies vir salarisse en voordele is pateties in vergelyking met staatsamptenare.*
- *Die salarisse van MWs en ander professies soos arbeidsterapeute is nie dieselfde nie. Subsidies word al minder om nodige dienste aan kliënte te lewer.*
- *Struggle om subsidies te ontvang. Kort keerdatums, onrealistiese verwagtinge, subsidies hopeless te laag om kostes te dek.*
- *Ons organisasie kry geen verhoging in subsidies die afgelope 3 jaar nie. Hul dreig elke maand as ons nie duisende vorms voltooi en ons statistiek vir hul stuur nie.*
- *Ek is op die bestuur van 'n NPO wat kinderbeskerming doen. NPO's sukkel finansieel aangesien subsidies laag is. Die subsidie vir 'n MHW is ver onder die minimumloon.*
- *Subsidies maak nie voorsiening vir salaris verhogings nie.*
- *Befondsing is nie genoeg nie.*
- *Hulle kan nie eers 'n datum gee wanneer die subsidies gaan betaal word nie.*
- *Subsidies in Free State is belaglik minder as Gauteng vir dieselfde programme.*
- *Laat betaling v subsidies. 9 jaar laas subsidieverhoging gehad.*
- *NGO's ontvang nie genoeg befondsing nie, wat my lewenskwaliteit negatief beinvloed*
- *Organisasie het Geen subsidie ontvang daarom is my kontrak beëindig.*
- *Service Level Agreements word nooit betyds geteken nie wat tot gevolg het dat die sentrum vir maande nie subsidie vanaf DSD ontavng nie en intussen moet kinders versorg word, geklee word, by die skool en dokter uitkom, ens.*
- *Maatskaplike werkers is oorwerk, het hoë gevalleladings en word swak betaal.*

Geen hulpbronne (11%)

Buiten klein of geen subsidies nie, asook swak salarisse, is daar 'n tekort aan broodnodige hulpbronne en dienste. Kinderhuise word toegemaak en daar is nie genoegsame fasiliteite om kinders met

spesiale behoeftes te kan ondersteun nie. Daar is ook probleme met doodgewone administratiewe ondersteuning wat kinders en kliënte ernstig te na kom. Dit skep die persepsie by maatskaplike werkers dat die Departement nie omgee nie en nie hul of die kliënte se belange op die hart dra nie. Daar bestaan 'n gevoel dat die Departement eerder "teen" maatskaplike werkers werk, as om hulle te ondersteun en by te staan.

- *Daar word hoë eise en verwagtinge gestel maar daar is geen hulpbronne/dienste beskikbaar nie. Kinderhuise wat nie aan die vereistes voldoen nie word nie gehelp nie maar toegemaak. Geen plekke vir kinders met psigiatriese gedrag of spesiale behoeftes nie.*
- *Daar is al verskeie gesprekke met die Departement gevoer oor kwessies wat ons werk moeilik maak (binnelandse sake, dokumentasie van kinders in SA en van buiteland, tekort aan hulpbronne) maar geen aksie word geneem nie. Intussen word kliënte in die steek gelaat.. kan nie matriek skryf of werk kry sonder dokumentasie nie.*
- *Ons hande word nie gesterk om kinders te help nie. Ons voel magteloos omdat daar nie hulpbronne is nie.*
- *Hulpbronne is besig om 'plat' te val*
- *As jy 'hulle' bel vir hulp bv kry nie geskikte plasing vir spesifieke kind, word daar net gesê..hou net aan soek.*
- *GEEN sisteme om kinders uit die CYCC te verwyder en verder in die sisteem te plaas nie.*
- *Daar is geen hulpbronne in die gemeenskap, veral in die landelike gebiede van NW Provinsie waarheen kinders verwys kan word nie, aangesien Dept Maatskaplike Werkers nie beskikbaar is nie en nie dienste lewer nie. Gedurende 2021 het die Maatskaplike Werkers by Dept in die NW Provinsie gestaak en geen werk gelewer nie vir ongeveer 3 maande.*
- *Hulpbronne onbekombaar, wat dit baie moeilik maak om mense by te staan en hulp te verleen - lei dikwels tot gevoel van magteloosheid en uiteindelik uitbranding.*

Uitdagings wat maatskaplike werkers in hul beroep ervaar

Figuur 6 Uitdagings



Die grootste uitdaging vir maatskaplike werkers (61%) is duidelik die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Ander uitdagings het te doen met onnodige prosedures wat die prosesse verleng (56,2%) asook finansies en donasies (52,7%). Bekostigbare VPO-opleiding (50%) en papierwerk (48,6%) is verdere uitdagings. Hierdie uitdagings het uiteindelik ook met die Departement te doen.

33 respondente het die volgende kommentaar gelewer en verdere uitdagings bespreek. Hulle noem dat swak salarisse en klein subsidies vir hulle uitdagings is, asook die feit dat daar te min hulpbronne en dienste is. Hulle voel dat die Departement nie hulle werk doen nie en dat daar geen ondersteuning of samewerking is nie. Van die maatskaplike werkers noem ook dat hul werkslading 'n groot uitdaging vir hulle is.

<u>Swak salarisse en subsidies (9 respondente)</u>

- *Mens swot jare en betaal allerhande councils en jy verdien nie eers genoeg om huur te kan betaal nie*
- *We are not paid what we are worth. We are underpaid.*
- *Poor salaries for designated social workers*
- *Het na 'n lang uitgerekte proses eers in Jan 2022 die "Letter of Compliance" ontvang vir 2019, 2020, 2021 mbt ons subsidie, nadat ons die PA van die Ouditeur-Generaal in die hande gekry het en sy ons gehelp het deur ons dokumente by die regte persoon uit te kry.*

<u>Te min hulpbronne (6 respondente)</u>

- *Tekort aan hulpbronne en dienste.*
- *Daar is geen hulpbronne veral vir kinders wat nie gegoed is, of mediese fonds het nie!*
- *Hulpbronne in die platteland bestaan amper glad nie.*
- *Poor salary, lack of services for referral.*
- *Hulpbronne. Voertuie, rekenaars baie oud. Afhanklik van skenkings omrede nie nuwes kan bekostig nie.*

<u>Die Departement doen nie hulle werk nie (5 respondente)</u>

- *Ons word helfte deur die Departement gesubsidieer maar al hulle kinders waar hulle hul eie kinderhuise toemaak word op ons gedump.*
- *Dringende verwysings wat nie opgevolg en ondersoek word nie.*
- *SACSSP moet begin om dringend die korrupte maatskaplike werkers ondersoek en die skuldiges van die rol te skraap. Die ander maatskaplike werkers wie hulle kollegas se vergrepe beskerm, moet dringend begin voorentoe kom en hulle expose. Die maatskaplike werkers is direk verantwoordelik vir die gemors waarin hulle is.*
- *Bullying by supervisors*
- *Swak ondersteuning en ondersoeke in ernstige sake*

<u>Geen begrip, ondersteuning en samewerking nie (3 respondente)</u>

- *Om in 'n groot organisasie te werk wat nie Maatskaplike werk verstaan nie. Senior Maatskaplike werkers word deur Sekuriteitshoofde voorgeskryf hoe om hulle werk te doen. Slegs totale word nagejaag, terapie maak nie vir hulle saak nie.*
- *Onkunde en swak samewerking in ander sektore soos bv DHA*
- *Nie al die rolspelers in 'n skool bestuurspan verstaan die rol van maatskaplike werk nie. Samewerking is nie altyd daar nie. Ervaar vyandigheid vanaf top bestuur.*

<u>Werkslading (3 respondente)</u>

- *Werkslading*
- *High case loads*
- *Immense work stress*

Primêre uitdagings met die Departement

Figuur 7 Uitdagings met die Departement



Die uitdagings wat in die grafiek hier bo aangedui word, spreek tot dieselfde aangeleenthede en probleme wat in die vorige vrae en ontledings na vore gekom het.

Die volgende kommentaar is gelewer en dui op verdere uitdagings wat met die Departement ervaar word (36 respondente).

<u>Swak hantering van sake en werksetiek, onwilligheid om te help (25 respondente)</u>

Die kwessie van swak hantering van sake en swak werksetiek kom gedurig na vore. Dit behels hoofsaaklik dat dokumente wegraak, dat sake nie opgevolg word nie, dat werkers onbevoeg is en dat daar nie vinnig genoeg opgetree word nie, of dat sake en ondersoeke swak hanteer word. Wanneer daar vir hulp aangeklop word, is daar niemand wat bereid is om te help nie. Die opinie bestaan dat die Departement onprofessioneel en onbehulpsaam is en dat hulle dubbele standaarde handhaaf. Hulle is nie lojaal teenoor maatskaplike werkers of NRO's nie en het 'n traak-my-nie-agtige houding en ingesteldheid.

- *DSD losing documents, and NGO'S having to submit sometimes up to three times the same document.*
- *Ek is van mening hul tree nie graag vinnig genoeg statutêr toe tot die hulpverleningsproses nie. Dink daar is beperkte of geen geskikte kandidate vir Plek van Veiligheid en moontlike pleegouers, in hierdie plattelandse gemeenskappe oor, om te ontwikkel nie.*
- *Kliënte klop by NGO's aan vir n diens, aangesien hulle geen hulp van DSD werkers kry.*
- *Wegraak van dokumente wat reeds ingedien het.*
- *Ons stem dikwels nie ooreen oor die saak op die tafel nie. Weens verskeie redes.*
    - *Wil leér afsluit*
    - *Kulturele verskille en uitkyke*
    - *Statistiek*
    - *Prioriteite*
    - *Motivering*
- *Dubbele standaarde.*

- *Daar word nie gereageer op aanmeldings nie.*
- *Onprofessionaliteit*
- *Gebrek aan lojaliteit vir die beroep*
- *Gebrek aan passie vir ons beroep*
- *'n Algemene traak-my-nie-agtige houding en werketiek.*
- *Die feit dat hulle nie sake wil aanvaar nie en verwag dat skool maatskaplike werkers statutêr moet optree,wat hulle self weet nie kan gebeur nie*
- *Daar's 'n onwilligheid. Hulle is tog so bang hulle moet dalk bietjie werk.*
- *Incompeted workers*
- *Geen werksetiek.*
- *Kommunikasie, hantering van sake en swak ondersoeke*
- *Nasionale, Provinsiale en streekskantore weerspreek mekaar en maak eie reëls ter verwarring van alle rolspelers*

Dra nie maatskaplike werkers of kliënte se belange op die hart nie en is baasspelerig (6)

Dit wil voorkom of beheer en baasspeel, asook blameer en viktimiseer, 'n groter fokus vir die Departement is as dienslewering en samewerking. Hierdeur dra hulle nie maatskaplike werkers se belange op die hart nie en tree hulle ook nie in belang van behoeftige kliënte op nie.

- *Hulle wat hulle gewig rond gooi en nie in die beste belang van die kind op tree nie.*
- *Die Departement wil nie met ons werk nie maar teen ons.*
- *Negative Treatment from supervisors affects good working relationship.*
- *Gee nie hulle samewerking mbt dienslewering nie.*
- *Ek is van mening hul tree nie graag vinnig genoeg statutêr toe tot die hulpverleningsproses nie. Dink daar is beperkte of geen geskikte kandidate vir Plek van Veiligheid en moontlike pleegouers, in hierdie plattelandse gemeenskappe oor, om te ontwikkel nie.*
- *In vele gevalle is n kind onder 18 jaar, so afhanklik van die beskerming van die Kinderwet, maar daar word op n beperkte vlak, statutêr toegetree.*

Beskikbaarheid (4)

Die klagte dat die maatskaplike werkers van die Departement nooit beskikbaar is of bereik kan word nie, is ook een wat gedurig na vore kom. Hulle daag ook nie vir vergaderings of selfs vir hofverrigtinge op nie. Hulle reageer glad nie, of nie vinnig genoeg op aanmeldings nie. Hul reaksie of terugvoer is dikwels onvoldoende.

- *Maatskaplike werkers van Dept is nooit op kantoor nie, of beskikbaar nie.*
- *Glad nie beskikbaar nie.*
- *Maatskaplije werkers van Dept is nooit op kantoor nie, of beskikbaar nie.*
- *Is nooit betyds vir netwerk vergaderings nie, of daag nie op nie.*
- *Jy kry hul bloot net nooit in die hande!*
- *Hul reageer nie op aanmeldings nie. Hul nommers werk nooit nie. Mens weet nie wie waar hulle werk nie.*

Waarom hulle die beroep gekies het

Byna al die respondente (138) het kommentaar op hierdie vraag gelewer. Dit is duidelik dat die meeste maatskaplike werkers 'n passie het vir hulpbehoewende mense, vir kinders wat probleme ervaar en vir die beroep in die algemeen. Hulle is gebore met hierdie diepgewortelde behoefte om mense te kan help, en dit is 'n begeerte om hul gawes en talente aan te wend om 'n verskil te kan maak in mense se lewens. Hulle voel dat hulle 'n positiewe impak op mense se lewens en gemeenskappe kan hê. Sommige beskou dit as 'n voorreg om 'n verskil te kan maak. Daarom is maatskaplike werk ook 'n roeping. Dit is nie sommer 'n loopbaankeuse wat op 'n dag gemaak is nie. Om mense te help is fundamenteel waarvoor 'n maatskaplike werker lewe en elke oggend opstaan.

Die volgende temas het na vore gekom:

<u>Dit is my passie (31%)</u>

- *Ek is passivol oor kinders en oor wat ek doen ek wil n verskil maak al is dit net vir een kind.*
- *Dit is my passie om kinders te bemagtig ten opsigte van hulle beste belang.*
- *Dis n passie wat ek altyd wou uitleef het.*
- *Dit was altyd n passie. Ek is nie Meer seker nie.*
- *My passie is mense en om ander hoop te gee.*
- *Kinders is my passie en ek glo met my hele hart dat ons die wêreld kan verander wanneer ons ons kinders kan help.*
- *My roeping en passie om mense te bemagtig en help heel word.*
- *Dit is my passie en hartklop.*
- *Ek is passievol oor maatskaplike werk en om verskil in mense se lewens te kan maak.*
- *Ek het n passie om mense wat swak keuses gemaak het in hul lewens, meestal weens hul eie trauma wat hul ervaar het in hul kinderjare, te help om die lig te sien, en die moed te kry om te wil verander, verbeter, spesifiek vir hul kinders se welstand. Ek wil graag kinders wat mishandel word, probeer beskerm. En n stem vir hul wees. Vir hul hoop gee.*
- *Ek is gebore met n passie vir kinders en om namens hul te veg vir wat in hul belang is.*
- *Passie en liefde vir mense met gestremdhede.*
- *Dit is en bly n passie vir my om iemand te kan en mag help,om mense rigting wysers en hulpmiddels te kan gee en te kan sien hoe lewens verander.*
- *Ek is lief vir die beroep en geniet dit om 'n verskil te kan maak in mense se lewe in 'n positiewe rigting. Die beroep kan nie beoefen word vir finansiele beloning nie, want daar is geen finansiele beloning in die beroep nie, daarom is die motivering, passie, liefde vir mense en 'n roeping tot die beroep.*
- *Ek het die vaardigheid, die ervaring en n diepgewortelde passie om gesinne te help, ek sien myself nerens anders nie*

<u>Verskil in mense se lewens te maak (22,5%)</u>

- *Ek is in n posisie om my belangrikste sterk punte en vaardighede in my beroep uit te oefen en n verskil te probeer maak in die lewens van Bejaardes.*
- *Ek is passievol oor kinders en oor wat ek doen ek wil n verskil maak al is dit net vir een kind.*
- *Om n positiewe verskil te maak on die lewens van mense wat probleme het.*
- *Om n verskil in kinders se lewe te maak en die onderwys as voorkomingsplatform te gebruik!*
- *Ek weet 100% dit is wat ek moet doen. Ek wil 'n positiewe impak maak in mense se lewens en hoop gee. Die beroep is deel van my menswees. Bly 'n voorreg om 'n pad met mense te kan stap.*
- *Dis n voorreg om op grondvlak te mag inspring en n verskil in kliente se lewens te maak.*
- *Ek is lief vir die beroep en geniet dit om 'n verskil te kan maak in mense se lewe in 'n positiewe rigting.*
- *Ek wil 'n verskil maak met die talente wat ek ontvang het.*

- *Om n verskil te maak in minderbevoorregte gesinne se lewens en hul te bemagtig om hul omstandighede te verbeter.*
- *Passie om n verskil te maak in getraumatiseerde kinders se lewe*

Roeping (21%)

- *Omdat ek geroep is daarvoor en glo ek maak n verskil veral in kinders se lewens.*
- *My roeping en passie om mense te bemagtig en help heel word.*
- *Voel dis my roeping. Niemand neem meer verandwoordelikheid vir die armstes van die armster.*
- *Trauma is my roeping en my werk is my passie.*
- *Beslis nie v die geld nie. Dis n roeping en n passie om te dien, om die kinders te beskerm en n regverdige geleentheid in die kewe te bied.*
- *Dit is my roeping. My Godsgegewe talent om mense te kan en wil dien.*
- *Ek voel geroepe hiervoor. Werk nou al 30 jaar as Maatskaplike Werker. Was 16 jaar by Dept Maatskaplike Ontwikkeling...en nou 15 jaar by Dept Gesondheid.*
- *I regard social work as a fundamental pilar in societal functioning. Social workers are the glue that keeps communities together and advocates for every individual in society. We are understanding and patient enough to put in the time and effort to create a more cohesive and united society wherever we are. We take the difficult tasks in our environments and deal with them as a buffer in order to smooth injustices out in a manner that is beneficial to all.*

Wil mense help (14%)

- *Omdat ek kinders wil help wat in moeilike omstandighede is.*
- *Ek voel dat my diens help dat mense darem gehelp word en nie net moed opgee omdat hulle nie hulp by Dept kry nie.*
- *I love helping people and adding hope to people's situations.*
- *I love children and helping people.*
- *Om kinders te help en die siklus en patrone te breek.*
- *To help families dealing with daily life challenges.*
- *Wil graag mense op n professionele manier help, om te "cope" met die lewe.*
- *Ek het n passie om mense wat swak keuses gemaak het in hul lewens, meestal weens hul eie trauma wat hul ervaar het in hul kinderjare, te help om die lig te sien, en die moed te kry om te wil verander, verbeter, spesifiek vir hul kinders se welstand. Ek wil graag kinders wat mishandel word, probeer beskerm. En n stem vir hul wees. Vir hul hoop gee.*

Is daar voldoende toesig en supervisie?

Net meer as tweederdes (64,3%) van die respondente het aangedui dat hulle wel voldoende toesig en supervisie ontvang. 35,7% voel dat hulle nie voldoende toesig ontvang nie.

79 respondente het verdere kommentaar gelewer:

Goeie of voldoende supervisie (40 respondente)

Supervisie wissel van een keer per week, tot een keer per maand of per kwartaal. Sommige sê dat hulle enige tyd met hulle toesighouer kan gesels en dat daar'n oop-deur-beleid bestaan. Sommiges ontvang telefoniese supervisie en ander maak van private toesighouers gebruik wat hulle kan besoek wanneer hulle wil. Sommige het private supervisiesessies terwyl ander aan groepsessies deelneem.

- *Supervisie 1 keer per maand.*
- *Supervisor is beskikbaar telefonies.*
- *Ek het elke week (of addisioneel soos nodig) supervisie met 'n senior maatskaplike werker.*
- *Een tot een supervisie asook groepsupervisie een maal per maand*
- *Ek werk in 'n organisasie waar goeie sisteme bestaan, met ' n bevoegde supervisor.*
- *Goeie Supervisie*
- *Ek is die enigste een by my organisasie. Ek sien n buite persoon vir toesig en emosionele hulp.*
- *Weeklise supervisie sessies*
- *Ons supervisor is op die perseel, ons het 'n oop deur beleid waar ons haar enige tyd kan nader. Sy vorm deel van die span op 'n dag tot dag basis*
- *In my vorige statutêre posisie was daar beslis nie genoeg supervisie. By die organisasie waar ek tans werk is daar gereelde vergaderings, oproepe, ens.*
- *Ek reel my eie supervisie*
- *Betaalde Supervisie deur Fact.*
- *Gereelde groepsupervisie*
- *Oop deur beleid vir portuur supervisie, daaglikse kontak met supervisor*
- *Ons streeksbestuurder gee gereeld supervisie en is meestal beskikbaar vir raad, leiding en ondersteuning.*
- *Het supervisors en konsultante*
- *Maandelikse supervisie, komitee wat kwartaalliks aan rapporteer word, jaarlikse vakkundige en meriete inspeksie v die Direkteur haarself... en my eie werksetiek en gewete*
- *Maandelikse konsultasie asook 1 x per kwartaal groepsupervisie.*
- *The structure in our organisation make provision for support and consultation to every level of workers.*
- *My supervisor works in the office with me and always has an open door. My supervisor is very involved in my cases*
- *I work for the CMR. I have a very approachable supervisor that I have easy access to. I also have regular supervision.*
- *Altyd persone beskikbaar vir supervisie.*
- *I have weekly supervision sessions with my program manager to discuss cases and determine how to navigate difficult cases.*
- *SAPS verleen gereelde supervisie en inspeksies. Ons kan ons hoofde enige tyd kontak vir hulp, leiding*
- *Supervisors aangestel en is daar n oopdeur beleid. Ontvang ook ondersteuning vanadium directed waar nodig.*
- *Konsultasie met kollegas in Privaatpraktyk*
- *CMR maatskaplike werkers ontvang maandelikse groep supervisie en elke 2 maande individuele supervision. My supervisor is altyd beskikbaar telefonies of per email.*

Geen supervisie (19 respondente)

Vir sommige maatskaplike werkers is supervisie nie moontlik nie en hulle kry glad nie hulp in dié verband nie. By sommige organisasies of streke is daar net nie mense beskikbaar wat supervisie kan gee nie, en van hulle noem dat private supervisiesessies baie duur is.

- *Geen supervisie of konsultasie*
- *In 15 maande was daar geen besoek vir monitering of supervisie van Vrystaatste Departement. In Gauteng kry ons kwartaaliks moniteringsbesoeke en het ons gereelde vergaderings met Departement om werk te bespreek. In Vrystaat is geen vergaderings op streeksvlak.*
- *In skool opset... maar glad nie as MW.*
- *Dept Gesondheid in die Noordkaap het 3 supervisie poste, waarvan 2 in Kimberley is en 1 in Uppington. In die Namakwa distrik waar ek funksioneer, is geen supervisie poste.*
- *In my werksperiode van 15 jaar in Namakwa het hier o a nuwe /pas afgestdeerde, 3 MWe begin vanuit die Universiteite, sonder enige supervisie of behulpsaamheid met die verkryging van cpd punte of verdere professionele indiensopleiding.*
- *Ekself spesialiseer in trauma, verlies gevalle, selfdood pogings, MIV en TB gevalle, met geen emosionele ontlontings of ""debriefing"" moontlikhede nie. (Ekself, maak maar saans, gebruik van my eggenote.)*
- *Daar is geen supervisor nie*
- *Geen. Kos te veel as jy dit self moet betaal.*
- *Ontvang geen supervisie of leiding. Moet maar dikwels by ander organisasies of werkers hoor van veranderings of so.*
- *Moeilik binne ons organisasie.*
- *Supervisor burnt out herself*
- *Supervisie moet privaat betaal word (word nie gedek deur instansie nie) en ek het nie die finansies daarvoor nie*
- *Ek staan reeds 32 jaar in die beroep waarvan ek vir ongeveer 30 jaar geen supervisie ontvang het nie. Ek voel baie alleen en afgeplat.*
- *Mees senior maatskaplike werker en enigste by Korrektoewe Dienste in Graaff Reinet. Supervisiesiestruktuur in Korrektiewe dienste nie in plek. Meeste ondervinding. Egter nooit aktiewe supervisie ontvang.*

Onvoldoende (10 respondente)

Sommige respondente kry soms supervisie, maar voel dat dit nie voldoende is nie. In sommige gevalle is die toesighouers self nie opgewasse vir die taak nie. Sommiges het slegs e-poskontak met toesighouers en min tot geen persoonlike kontak nie. Ander voel dat daar meer “inspeksie” as supervisie gedoen word.

- *Ek is op konsultasievlak, maar supervisie is onvoldoende vir pas gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers. Eers was daar geen supervisie nie en nou word dit gebied deur iemand wat duidelik geen idee het wat supervisie moet behels nie. Insluitend die feit dat daar nie begrip is vir die onderskeid tussen supervisie en konsultasie nie.*
- *Kleiner onafhanklike CYCCs trek werklik aan die kortste end. Ek het gelukkig vroeër by 'n groter CYCC gewerk, het baie jare ervaring en is administratief sterk. Jong werkers vou weens onvoldoende/geen leiding nie.*
- *DSD besoek onbepland gemiddeld een maal elke 3 maande die sentrum vir monitering. Bekommernisse en uutdagings word bespreek maar DSD doen eenvoudig niks om die situasie reg te stel of ondersteuning te bied nie.*
- *Alles handaaf met e-posse en min kontak*
- *Only inspection with red pen from supervisors.*

Gevalle waar die Departement nie eties reg opgetree het nie

Byna ’n driekwart (74%) van die respondente het aangedui dat hulle bewus is van gevalle waar die Departement nie eties korrek opgetree het nie.

98 respondente het kommentaar gelewer:

Probleme rondom plasing van kinders (32,6%)

Hierdie probleem behels hoofsaaklik kinders wat teruggeplaas word in omstandighede wat nie geskik is nie, of dat hulle in pleegsorg geplaas word wat nie moes gebeur nie. Daar word dikwels ook nie tuisbesoek gedoen nie en daar word nie ag geslaan op die huislike omstandighede waarin kinders geplaas word of waarheen hulle vir vakansies gestuur word nie. ’n Ander groot probleem met plasings is die feit dat die proses enersyds baie lank duur, of andersyds dat daar nie betyds of vinnig genoeg opgetree word nie. Daar is soms kinders wat in gevaar verkeer en dan nie betyds beveilig kan word nie. Uit ander opmerkings in hierdie verslag is dit duidelik dat daar ook ’n tekort aan alternatiewe plekke van veiligheid vir kinders is. Daar is nie fasiliteite waar kinders met spesifieke probleme geplaas kan word nie, of plekke waar kinders geplaas kan word net om hulle vinnig uit onveilige omstandighede te verwyder nie.

- *Terugplasing van kinders wat nie terug geplaas moes word nie.*
- *Pleegsorg plasings wat nie moes plaasvind nie.*
- *Lêers word gesluit.*
- *Gesinsherenigingsdienste word nie gelewer nie.*
- *Tuisbesoek word nie gedoen nie maar vakansie aanbevelings word gemaak.*
- *Departement maak besluite sonder om kliënte te sien, goed met hulle te bespreek en om belangrike faktore in ag te neem.*
- *Baie ouers se SASSA toelae word nie gestaak wanneer kinders in alternatiewe plasings geplaas word nie.*
- *Hulle wil nie die konflik met kliënte hanteer nie en maak dan besluite in kliënte se guns ongeag die omstandighede en beste belange van kinders.*
- *Die werker van DSD het n kind terug geplaas by haar ma na die ma gladnie met haar kon cope vir naweke en vakansies nie en daar geen ouer leiding of terapie was vir die ouer nie. Die ma het ook nie n poging aan gewend nie. Dit het na twee weke misluk*
- *Ek is bewus van verskeie sake waarin die Departement kinders by hulle biologiese ouers wil terug plaas terwyl die biologiese ouers nie die kapasiteit het om vir hulle te sorg nie.*
- *DSD werkers plaas kinders in plek van veiligheid by CYCC, vergeet dan van kind, laat hofbevel verval, het geen kontak met kind geplaas en daag dan uit die bloute by die CYCC op om kind te verwyder sonder enige voorbereiding van die kind.*
- *Om ‘n jaar te neem (na afhandeling van kinderhofverrigtinge) om ‘n kind in ‘n ander provinsie in CYCC te plaas.*
- *Sorgbehoevende kinders word nie betyds beveilig nie.*
- *Kinders wat in gevaar verkeer en verwyder moet word en dit gebeur nie.*
- *In Thaba Ncu, kind moes met Vorm 36 verwyder word, verslag is aan maatskaplike werker gestuur en afspraak gemaak om op betrokke dag maatskaplike werker te sien en lêer en verslag te oorhandig, met my aankoms daar, het hulle saamtrek in gemeenskap gehou en nie opgedaag vir afspraak nie. Supervisor het geweier om my te sien, al het ek verduidelik dat betrokke kind op daardie dag verwyder moes word. Ek moes einde laaste self 'n polisiebeampte opspoor om vorm 36 te voltooi. Ek het al die grondwerk klaar gedoen, veiligheidsouers was gekeur en gereed en verslag ook geskryf, dis uiters oneties om geen personeel beskikbaar te hê vir vorm 36 wat juis vroegtydig gereël was nie, ook nie eties dat supervisor weier om vir maatskaplike werker in te staan nie*

- *Daar is vele gevalle waar daar statutêr toegetree behoort te word, maar nie gedoen word nie. EK kan onmiddelik dink aan gevalle, waar minderjarige kinders met n erge substansafhanklikheid nie vir rehabilitasie gestuur word nie en wanneer die betrokkene 18 jaar oud is, is daar nie meer die beskerming van die Kinderwet nie.*
- *Verslae lê vir 1 jaar + voordat verlenging/oorpladingssbevele uitgereik word.*
- *Aanmelding deurgegee en nie opgevolg nie, gevolg dat kind lank na aanmelding steeds blootgesteld was aan fisiese en emosionele misbruik.*
- *Terugplasing van kinders in ouerlike sorg teen werker se aanbeveling om sodoende hul targets te bereik, al is dit nie in die kind se belang nie.*
- *Pleegsorgplasings waar te veel kinders by een persoon geplaas word en slegs waarskuwings word uitgereik geen daadwerklike optrede van Departement nie*
- *Toe ek (nog onlangs) in die NGO sektor was, is ons verhinder om dienste te lewer in 'n spesifieke dorp deur die bestuurder van DSD, hoewel daar niemand was wat Afrikaanssprekende kliente kon help nie.*
- *Ook dra ek kennis van n saak waar n kollega in Pta wat by n skool aangestel is en betrokke was by n kind in pleegsorg. Sy het verskeie eposse aan DSD gerig oor die kind, wat verdere statutêre toetrede nodig gehad het. DSD het so geredekawel watter persoon moet dienste lewer, dat daar geen dienste gelewer is nie. Die familie het sake in eie hande geneem, en die kind het Donderdag selfmoord gepleeg.*
- *Yes. I've had at least 2 cases where they placed children back into parental care without doing a proper investigation. They only provided a 2 page report*
- *Weier om bevele te verleng en kinders wettiglik te plaas. Maatskaplike werkers wat intensiewe terapeutiese pad met kind stap en vertrouensverhouding gevestig het word deur DSD van saak afgehaal en oorgegee vir ander werker. Luister nie as CPO werkers praat, lag werkers openlik uit. Magstryd en openlike leuens*
- *Diensgroepe moet maandeliks vergader vir pleeg en aanneming keuring, wat net nie gebeur nie, kinders ly hieronder en die proses word onnodig lank uitgerek. Dit is ook n vorm van abuse.*

<u>Sake word nie deurgevoer of opgevolg nie (23,5%)</u>

Daar word dikwels nie aandag gegee aan dringende verwysings nie of dit word geïgnoreer. Sake vat te lank en daar word nie opgevolg nie. Soms word daar blykbaar nie eers die moeite gedoen om ondersoek in te stel nie. Soms word lêers van die een na die ander aangestuur en nooit hanteer of afgehandel nie. Daar is selfs sprake daarvan dat maatskaplike werkers hulle sake wat eintlik hul eie verantwoordelikheid is om te hanteer, na ander organisasies verwys.

- *Dringende verwysings kry nie aandag nie. Word net ignoreer.*
- *Verwysings vat ongelooflik lank vir Departement om gekanaliseer te word. Gevalle wat deur die Hospitaal vir opvolg verwys word, word soms nie eers gekanaliseer nie.*
- *Dit is jou mandaat om ondersoek in te stel in sake wat by jou aangemeld word. Jy kan nie net die saak los of ignoreer nie. As hulle mede MWs wat sake aanmeld en die proses ken ignoreer, hoeveel temeer sal julle dit nie met 'n onderwyser/es of lede van die publiek doen nie?*
- *Sake word nie opgevolg nie*
- *Om 'n jaar te neem (na afhandeling van kinderhofverrigtinge) om 'n kind in 'n ander provinsie in CYCC te plaas.*
- *Paar keer sake gerapporteer en opgevolg waar die Departement eenvoudig nie eers moeite doen om ondersoek in te stel nie.*
- *Gevalle wat nie afgehandel word of opgevolg word nie. Lêers wat van een persoon na ander gestuur word sonder doeltreffende intervensie. Kliente ly daaronder. Onbevoegdheid.*
- *Verslae lê vir 1 jaar + voordat verlenging/oorplasingssbevele uitgereik word.*
- *Weier om op aanmeldings te reageer al is dit ernstig soos met gevalle van mishandeling. Doen nie voldoende ondersoeke nie.*
- *Nie vinnig genoeg KRITIESE sake opgevolg nie*

- *Hul wil nie hul pligte uitvoer nie en het 'n ernstige aanmelding tussen mekaar net rondgegooi. Elke keer as ek iemand bel kry ek net 'n nuwe nommer en niks gebeur nie.*
- *My ervaring behels dat die maatskaplike werkers verwys sake na ander organisasies, wat hul verantwoordelikheid is en so mors hulle tyd. Maande gaan verby en die saak hang by die hof. En niemand van DSD daag op vir hof nie.*
- *Hulle volg nie op met aanmeldings nie. Hulle verwag skole moet ernstige statutêre sake en tuisbesoeke self hanteer. Deur nie op te tree nie is hul oneties.*

Onbekwaamheid (21,4%)

Die Departement word as onbevoeg en onbekwaam bestempel. Kliënte ly onder hulle swak werk, swak besluitneming, tydsaamheid of die feit dat hulle net glad nie omgee of optree nie. Sommige respondente noem dat hulle lui en onprofessioneel is.

- *Aannemings. Heeldag en aldag. Hulle probeer die kinderhof wees en hulle het eintlik geen idee wat rondom aannemings aangaan nie. Die nuwe tendens is dat n kind eers in pleegsorg moet wees voor die kind aangeneem kan word. Ons almal weet dit is nie n wetlike vereiste nie, maar omdat DSD so sê, nou moet almal spring.*
- *Voer opdragte uit, nie passievol nie.*
- *Planne mag dalk wonderlik op papier lyk...maar ons moet dit uitvoer....Dan werk dit meeste van die tyd nie so uit nie.*
- *Lêers wat van een persoon na ander gestuur word sonder doeltreffende intervensie. Kliënte ly daaronder. Onbevoegdheid*
- *Weier om op aanmeldings te reageer al is dit ernstig soos met gevalle van mishandeling. Doen nie voldoende ondersoeke nie.*
- *One sided decisions and they do not have the courage or transparency to be honest of the reason why they intervene in our work. They do not even communicate to us as NGO. They immediately take sides with the clients.*
- *Daag nie op vir kinderhowe nie*
- *Maak beloftes aan die gemeenskap wat hulle nie in staat is om na te kom nie.*
- *reageer op bewerings en klagtes sonder feite*
- *Hulle help doodeenvoudig nie hulle kliente nie. Of die dienste vat vreeslik lank*
- *Onprofessionele gedrag*
- *Volg nie verwysings op of hanteer ondersoeke pateties...voel hulle is of onbevoeg of bloot net lui of geen clue wat om te doen.*
- *Kulturele gebruike weeg swaarder as die Reg.*

Tree in eie belang op of het politieke agendas (10,2%)

Daar bestaan aantygings dat daar rassisme is en polities geïnspireerde besluite geneem word. Sommige mense en organisasies word bevoordeel en ander kry beperkte tyd, hulpbronne en ondersteuning. Daar is sprake dat organisasies wat op hulp aan wit mense fokus, kleiner subsidies kry of dat hulle befondsing gestaak word. Daar is ook beskuldigings van korrupsie en fondse wat vir die gemeenskap bedoel was, wat in personeel se huise eindig.

- *Cases get promoted based on specific unequal criteria. Or they get postponed for the same reason. Some cases are handled via quota. I have also been witness to notes being changed to fit a certain agenda. Internally some employees are favoured above others for limited reasons. A colleague works under very unhealthy circumstances because she pointed out unethical behaviour. Social work appointments are made based on friendship, not merit. Transparency is not key.*
- *Verskeie studente kom vertel van bv donasies wat nie na d mense toe gaan nie maar wat opeindig in personeel se huise.*

- *Politiek en rassisme speel 'n groot rol. Daar word nie subsidies gegee vir "Blanke Organisasies" nie, bv Tehuise vir Bejaardes en NGO's waar Maatskaplike dienste gelewer word aan alle bevolkings nie. NGO'S kry veral swaar onder die Dept.*
- *Toe ek (nog onlangs) in die NGO sektor was, is ons verhinder om dienste te lewer in 'n spesifieke dorp deur die bestuurder van DSD, hoewel daar niemand was wat Afrikaanssprekende kliente kon help nie.*
- *Kinders word herenig met ouers bloot om lêers toe te maak en nie in die belang van die kind nie.*
- *Ja, hulle moes die welsyns organisasies gereeld laat audit het om te verseker dat hulle die publieke geld verantwoordelik gebruik het, instede daarvan om mense groot gelde te betaal, en duur prokureurs aan te stel om hulle telkens te verdedig waar hulle wette oortree.*
- *Ek kan nie spesifiek wees nie. Maar hulle ego's belemmer gewoonlik iets. Gereeld neem ek waar hoe Maatskaplike Werkers van DSD 'n grootheidswaan vertoon bloot a.g.v. die assossiasie met DSD nie a.g v. hulle pos nie. Hoe neerhalend hulle kan wees teenoor organisasie bevonds deur hulle.*

Gevalle waar die Departement nie in die beste belang van die kliënt opgetree het nie

77,5% van die respondente het aangedui dat daar wel sulke gevalle is of was. Slegs 22,5% dui aan dat daar nie sulke gevalle was nie.

Van die respondente het die volgende gevalle beskryf:

- *Het gedurende Lockdown n geval aan die Krugersdorp kantoor gerapporteer van n Bejaarde dame wat saam met haar seun van 50 woon. Hy het dwelms gekoop met haar Sassa geld en haar gereeld aangerand en verkrag. Saak is by n Supervisor aangemeld en na meer as n jaar van gereelde opvolging deur my, is n onervare, junior werker uitgestuur wat niks aan die saak gedoen het nie. Sy het terugvoer gegee dat die seun goed na sy Ma kyk. Die dame is die vlg Des in die hospitaal opgeneem met n gebreekte arm, waar sy gesterf het*
- *Hulle wil n kind skuif van plasing nadat hulle nie die "case worker" was nie en na drie jaar eers besluit is hulle is die "case manager" en volgens hulle is die plek waar hy is nie adequate nie omdat dit by n organisasie is wat hulle tans net fout soek. Hulle het ook die kinderhuis werker gevra hoekom sy nie die plek gaan besoek het nie na DSD n vorige keer gese het as n kinderhuis werker dit doen tree hulle buite hulle "scope of practice" op.*
- *DSD tree nie in beste belang van kinders op nie. In die proses van registrasie van 'n CYCC het hulle geweier om ons te registreer (ten spyte daarvan dat ons aan al die wetlike vereistes voldoen het), omdat hulle daarop aangedring het dat Zoeloe sprekende kinders geplaas moet word in die huis waar daar geen Zoeloe sprekende versorgers was nie en Afrikaans sprekende kinders moet geplaas word waar daar geen Afr sprekende versorgers was nie. Hoe kan getraumatiseerde kinders gehelp word indien hulle nie met versorgers kan kommunikeer nie?...*
- *Die Dept hoor ons nie altyd nie. Ons stap 'n pad met 'n kind...ons is elke dag saam die kinders... dept "feature" dalk elke 2 jaar om ART 159 te voltooi. Dept...meeste by Dept ken nie eers die kinders nie. Weet nie eers wat is die kind se behoeftes nie.*
- *Gestremde kliënt van DSD se pleidooi om hulp word ignoreer vir akkommodasie. Kliënt reik kort-kort uit per epos en sluit ons kantoor in. Ons het hom per geleentheid met n kospakkie gehelp maar hy is nie in ons area woonagtig nie.*
- *N maatskaplike werker het n tuisbesoek gedoen by n kliënt wat sy geken het, en toe nie verder dienste gelewer nie. Die kind is glo dae later deur n gemeenskaplid en ander organisasie verwyder.*
- *Ja, ek is bewus van baie voorbeelde waar die Maatskaplike Werker (en supervisor) in verslae aanbevelings maak wat dui op eie opinies en of eie kulturele invloede/waardes, en nie in terme van die Kinderwet, regulasies of beste belang van die kind nie.*

- *I had the Department send back a report 5 times, each time with new mistakes they want to be changed and the process took over 10 months. The family was without their grant for the whole of that time.*
- *When a child is in trouble at 15:45, you can write the issue on your tummy and rub it off. The employees will tell you that they cannot do much to assist and refer you to three other numbers that do not work. If you are fortunate enough to get ahold of someone in the first place.*
- *I had a girl visiting her mother from Lesotho, mother chased her out of her house, she was picked up by unknown gentlemen and raped. After 6 hours, I was finally assisted by the FCS after being transferred from social worker to social worker at the department. This was on a weekday early in the morning. Upon phoning a day or two after the girl was assisted to enquire about her, I was told that it is no longer my concern. I asked to speak to a supervisor to raise my concerns about the waiting time to which she responded that she is one of many and we cannot save everyone.*

Noodsaaklike hulpbronne vir maatskaplike werkers

133 respondente het kommentaar gelewer. Die belangrikste hulpbronne wat maatskaplike werkers benodig is befondsing wat subsidies en salarisse behels. Sonder finansies kan mense nie behoorlik gehelp of beveilig word nie en kan maatskaplike werkers nie 'n bestaan voer of NRO's nie oopgehou word nie.

Daar word ook tydelike of dringende plekke van veiligheid benodig en plekke waar kinders met spesiale behoeftes geplaas kan word. Daar word ook spesiaal na noodlyne vir bejaardes verwys asook hulp om kwessies rakende bejaardes te ondersoek en te kan hanteer. Daar is veral opleiding van polisielede nodig omdat hulle nie genoeg kennis van wetgewing oor bejaardesorg (Wet op Ouer Persone, No. 13 van 2006) het nie.

Daar is 'n groot tekort aan 'n verskeidenheid algemene hulpbronne soos motors en brandstof, kantore en kantoortoerusting soos rekenaars en telefone of selfone, asook data of lugtyd. Sommige noem dat die infrastruktuur tekort skiet en dat hulle nie kantore het om vanuit te werk nie. Ander hulpbronne wat belangrik is en waaraan daar 'n tekort is, is terapeute en ander professionele dienste asook die ondersteuning van die Departement.

Ander "hulpbronne" wat ook gelys is, is stelsels wat effektief kan werk waarbinne daar samewerking, skakeling en kommunikasie tussen verskillende organisasies en rolspelers kan plaasvind om mense beter te kan help. Natuurlik verlang die maatskaplike werkers ook beter ondersteuning van die Departement.

Opleiding en voortgesette opleiding is ook belangrik vir maatskaplike werkers en hulle voel dat dit 'n hulpbron is waartoe hulle toegang behoort te hê. Professionele opleiding is baie duur en daar is nie ondersteuning of befondsing vir VPO-punte en opleiding nie.

Daar is verder natuurlik 'n tekort aan genoeg en goed opgeleide maatskaplike werkers, asook vrywilligers. Daarby is daar ook 'n behoefte aan ander professionele persone wat ondersteuningsdienste kan lewer.

<u>Finansies (23,3%)</u>

- *Voldoende finansies om uitgawes te kan dek.*
- *Fondse sodat meer mense kan hulp kry*

- *FINANSIES. Ek kan niks met die kinders doen nie want daar is nie geld nie. Kinder- en jeugsorgwerkers nie opgelei of opgewasse vir hulle taak nie. Hulle is ook nie bereid om te leer nie - dink hulle weet alles.*
- *Subsidie op die regte tye ontvang.*
- *Befondsing vir terapie. Werkslading te hoog om self terapie te gee.*
- *Finansies om salarisse te kan betaal en meer werkers aan te stel. Werkers se salarisse is skandalig laag.*
- *Finansies en bestand vir my veiligheid*
- *Behoorlike subsidies, wat vergelyk met Gauteng sin, om die basiese to rehabilitasie dienste te verskaf.*

Algemene hulpbronne en infrastruktuur (18%)

- *Organisasies en hulpbronne in die gemeenskap waarheen pasiënte na ontslag verwys kan word.*
- *Voertuig. Rekenaar. Laptop. Dataprojektor. Lesing lokaal. Kantoor. Telefoon. Cell foon ens.*
- *Ek het die gebruik van n privaat kantoor, toesluit kabinet en internet. Ongelukkig is die hospitaal se telefoon skakelbord vir die afgelope twee jaar foutief en moet vervang word. Ek skakel aldus telefonies, op eie finansiële onkostes. Daar is n telefoon in Ongevalle afdeling wat na buite kan bel, maar is fisies te ver van my kantoor om funksioneel vir my te kan wees.*
- *Betroubare toerusting bv kantore, voertuie, rekenaars ens.*
- *Goeie admin ondersteuning.*
- *Vir die NGO - vervoer/motors, laptops, genoeg finansies vir dag-tot-dag uitgawes, skryfbehoeftes, selfone, petrol, ens.*
- *Internet*
- *Materiële hulp. Gratis arbeids-/spraakterapie/opvoedkundige sielk dienste en neurologiese dienste*
- *Infrastruktuur, finansies . Professionele hulp*
- *Personeel, subsidie wat operasionele kostes kan dra soos vir vervoer na kliënte, telefoon, rekenaars, drukkers, yskaste, bekostigbare behuising vir Bejaardes.*
- *Office space in the community*
- *Petrol*
- *Making us accessible to the community*

Alternatiewe plekke van veiligheid en beter beskerming vir kinders (17%)

- *Tydelike plek van veiligheid vir kinders.*
- *Alternatiewe sorg vir kinders met seksueel uitreagerende gedrag en psigiatriese probleme*
- *Plekke van veilighed, bekostigbare terapie, fasiliteite vir moeilik plaasbare kinders, howe wat behoorlik funksioneer.*
- *Organisasies wat kinders op nood plasings kan vat. Asook organisasies wat kinders wat 18 word kan help met n "exit plan"*
- *Spesialiteit terapeute, multi professionele span, plasings moontlikhede vir moeilik hanteerbare kinders*
- *Noodlyne vir Bejaardes wat mishandel word. Hulporganisasies wat werkers kan uitstuur om ondersoeke te doen. Opleiding van Landdroste, Polisie en Polisie mbt die Bejaardesorgwet en kriminele klagtes teen oortreders van die wet. Tuisversorging vir Bejaardes wie se familie nie Frail Care kan bekostig nie. Niks hiervan bestaan tans nie. Het voorheen n Bejaarde dame uit haar kinders se sorg verwyder en moes die Polisie se eie regulasie in hierdie verband vir hulle druk en neem om te lees om bystand te kry met die verwydering van die dame. By die Landdroshof was daar geen werkswyse in plek itv die Wet nie en moes ek in my persoonlike hoedanigheid n beskermingsbevel teen die kinders kry*
- *Plek in inrigtings vir kinders wat probleemgedrag lewer. Kinderhuise keur streng wie hulle as "geskik" vir hul inrigting beskou. So ook sekere Kinderwet skole. Dit is n groot probleem om in die Noordkaap kinders geplaas te kry.*
- *Kinderhuise, oorgangs huise, CYCC vir kinders met probleem gedrag*
- *Kinderbeskermings organisasies, behuising, voedselbronne...basiese behoeftes vd mens.*
- *Kinderbeskermingseenheid. Polisie*
- *Beskikbaarheid van geskikte pleeg en veiligheidsouers beperk.*

- *Tans is dit n probleem om kinders erens geplaas te kry, hetsy plek v veiligheid of permanente sorg, die plekke is vol*

Sisteme wat werk (13,5%)

- *Toegang tot sisteme wat effektief is om kliënte te kan help.*
- *Organisasies en hulpbronne in die gemeenskap waarheen pasiënte na ontslag verwys kan word.*
- *Bekostigbare, professionele bronne om kliënte na te kan verwys bv terapeutiese, arbeidsterapie, forensiese assesserings ens. "*
- *Netwerke en 'n statutêre sisteem wat funksioneer. Ek kan nie 'n kind terapeuties help wat onversorg of onveilig is by die huis nie.*
- *Samewerking van alle maatskaplike sisteme*
- *Goeie kommunikasie tussen rolspelers en goeie en voortdurende opleiding*
- *Ondersteuningsnetwerke wat mwrs teen uitbranding beskerm, finansies, finansies vir volgehoue opleiding. Tans moet NRO's v hul eie opleiding (Cpd) betaal. Gehalte opleiding is onbekostigbaar.*
- *Netwerk met mede kollegas in die privaat sektor.*
- *Samewerking van alle organisasies, DOJ, DSD, SAPS, skole en kerke.*

Ondersteuning van die Departement (13,5%)

- *Departement wat dienslewering moet verrig teemoor kliente wat nie dienste kan bekostig in die privaat sektor.*
- *Samewerking met dept gesondheid*
- *Ondersteuning*
- *'n Goeie oop verhouding met die Departement.*
- *Goeie admin ondersteuning.*
- *Effektiewe Rade*
- *'n Goeie Departement*
- *'n Raad en dept wat werklik funksioneer. Meer statutere organisasies*

Opleiding (10,5%)

- *Toegang tot bekostigbare opleiding*
- *Beurse en subsidies vir opleiding*
- *Persoonlike ontwikkeling*
- *Finansies of 'n beter salaris wat fondse beskikbaar stel vir verder opleiding (CPD training/punte) soos vereis word deur ons raad.*
- *Finansies vir volgehoue opleiding. Tans moet NRO's v hul eie opleiding (Cpd) betaal. Gehalte opleiding is onbekostigbaar.*

Menslike hulpbronne (Maatskaplike werkers en vrywilligers) (9%)

- *Genoeg, gewillige Maatskaplike werkers wat opvolg in die Gemeenskap!*
- *Sielkundige dienste, ondersteuningsdienste vir ouers, maatskaplike werkers wat 'n tuisbesoek kan doen. Gereelde opleiding en vernuwing.*
- *Vrywilligers*

Wat die Departement kan verander

Die belangrikste aspekte wat die Departement kan verbeter, is effektiwiteit, dienslewering, hul houding en ingesteldheid en werksetiek, toeganklikheid en kommunikasie. Die maatskaplike werkers wil hê dat die Departement omgee en hul werk ordentlik moet doen. Hulle behoort meer professioneel en bekwaam te wees. Kommunikasie en terugvoer, selfs op basiese vlak soos om 'n telefoon of 'n e-pos te beantwoord, skiet ver tekort.

133 respondente het kommentaar gelewer:

Effektiwiteit (22,5%)

- *Effektiwiteit van dienslewering.*
- *Changing and adding of more paperwork to our work. Quick response in cases whereby we need swift action from them.*
- *Less paperwork and changing of adoption formats making adoptions extremely difficult.*
- *Effektiwiteit en produktiwiteit*
- *Minder rompslomp*
- *The red tape and mountains of reporting.*
- *Effektiewe prosesse, bevoegde mense.*
- *Minder sinnelose papierwerk, eerlike kommunikasie.*
- *Dit sal wees, dat hul telefone asseblief beantwoord word as ek skakel. Dikwels as ek nie telefonies antwoord kry nie, klim ek maar in my motor en ry na hul kantoor toe.*
- *Die hele sisteem is onprakties en onefektief.*

Werksetiek (22%)

- *Werksetiek*
- *Houding teenoor dienslewering.*
- *Maatskaplike werkers wat 'n werklike verstaan van die beroep en omgee vir die kliënte het*
- *Hul samewerking, kommunikasie en werksetiek*
- *Dat al die amptenare (nie net enkeles nie) net hulle werk doen.*
- *Dat kundige mense in bv kinderbeskerming aangestel word.*
- *Die bekwaamheid van personeel en supervisors.*
- *Wees professioneel en deursigtig*
- *Supervisors moet verantwoordelikheid neem vir die foute van hul werkers en meer streng wees in terme van etiese kode.*
- *Teach them to go back to the basics of the social work profession. Teach them professionalism.*
- *Die gesindheid en bekwaamheid van personeel*
- *Ontoeganklikheid, respek vir kollegas se ervaring ontbreek*
- *Beroeps etiek moet verbeter word.*
- *Maatskaplike werkers aanstel wat wil werk, bevoeg is en uit die boks kan dink plus professioneel optree.*
- *Wegdoen met politiekery in n trotse professie. Hulle is meer rassisties as wat baie van ons besef. Onbekwame mense in bykans al die sleutel posisies*
- *Professionaliteit op alle gebiede eg. geboue, personeel, toerusting, kwaliteit van dienste ens.*
- *Professionaliteit, meer passie vir hul werk. Stiptelikheid*

Beter dienslewering (16%)

- *Maatskaplike werker wat vir die Departement werk om hul werk te doen.*
- *Less paperwork and changing of adoption formats making adoptions extremely difficult.*

- *Hul rol meer duidelik maak, en meer steun aan maatskaplike werkers bied. Wanneer jy by hul kantore aankom is almal ongeskik en onbehulpsaam. Is hul dan tog nie daar as hulpbron vir ons?*
- *Om sake te prioritiseer en dienooreenkomstig op te tree. Om kinders se beskerming eerste te stel.*
- *Dienslewering en verantwoordbaardheid*
- *Dat werknemers van DSD meer doelgerig moet werk en hul laksheid los. My gevoel is dat DSD werknemers overpaid is en underworked.*
- *Dat hulle hul statutêre plig sal handhaaf.*
- *Meer bevoegde persone in die gemeenskap plaas om direk dienste te lewer in die area.*
- *Dat hulle meer soos NGO'S moet funksioneer. En dat daar maatskaplike werkers by elke skool moet wees. Statutêre magte vir maatskaplike werkers by skole sal ook van groot nut kan wees.*
- *Basies als. Voor 2010 het dinge nog redelik goed verloop- ek verwys spesifiek na Gauteng*
- *Ek sou 'child protection teams' approach soos in Engeland hier sou wou sien. Waar dit eerder as n span van verskeie rolspelers ondersoek word as slegs een mw*
- *Dat dit maklik is om inligting te bekom wanneer jy dit benodig*
- *Effektiwiteit van dienslewering.*

Beter kommunikasie (13,5%)

- *Beter kommunikasie soos om telefone te beantwoord vir ń begin*
- *Onvoldoende kommunikasie stelsels*
- *Om as venote te hanteer en beter te kommunikeer*
- *Eerlike kommunikasie*
- *Kommunikasie in lyn en nie dink NGO weet niks nie.*
- *Kommunikasie en samewerking. Sukkel om samewerking te kry wanneer sake verwys word vir statutêre ingrepe.*

Hul swak houding en ingesteldheid (12%)

- *Hulle houding teenoor nie-winsgewende organisasies.*
- *Gesindheid/ Attitude*
- *Die meerderwaardige houding.*
- *Passie vir ons land se mense!*
- *Om as vennote te hanteer en beter te kommunikeer*
- *Beter houdings en ingesteldheid - die lewe skuld hul niks.*
- *Ubuntu...hulle hanteer ander Maatskaplike werkers benede hulle*
- *Their 'holier than thou' attitude*
- *Ontoeganklikheid, respek vir kollegas se ervaring ontbreek*
- *Their approach to doing things*

Kundige werkers wat verstaan en omgee (9%)

- *Maatskaplike werkers wat 'n werklike verstaan van die beroep en omgee vir die kliënte het*
- *Vir grondvlak Maatskaplike Werkers van DSD om meer passie vir die professie te toon en dat kundige mense in bv kinderbeskerming aangestel word.*
- *Seker te maak dat alle mw wat aangestel is in die Departement hulle passie uitleef en nie net daar is vir n salaris nie - prosedures streng volg of dissiplinêr vervolg word.*
- *Genoeg personeel en opgeleide personeel*
- *Verlang respek, voldoende komminikasie, kundigheid van DSD.....*

Uitdagings met die Departement

Dieselfde uitdagings en probleme met die Departement het dwarsdeur die verslag na vore gekom. Dit behels werksetiek, houding en ingesteldheid, omgee en kundigheid. Swak kommunikasie en terugvoer is deurgaans uitgelig as 'n probleem. Subsidies en fondse is ook weereens genoem. Baasspelerigheid en die feit dat die Departement hul mag wil afdwing, alles wil reguleer en 'n foutsoekende houding het, word ook weer pertinent beklemtoon.

Swak bestuur is ook 'n kwessie wat in antwoord op hierdie vraag genoem is en dit behels swak bestuur in terme van dinge soos vergaderings en administrasie, maar ook beplanning en hantering van gevalle. Daar is selfs beskuldigings van korrupsie en dat die Departement disfunksioneel is.

103 respondente het kommentaar gelewer:

<u>Werksetiek (48,5%)</u>

- *Verloor belangrike dokumente*
- *Stadig met bevele*
- *Moet agter hulle aan bel*
- *Doen nie hulle werk nie*
- *Veelvuldige verwysings wat nooit deur hulle opgevolg is nie.*
- *Wag vir drie jaar om n goedgekeurde en ondertekende konstitusie te ontvang*
- *Herindiening van dokumente wat reeds ingedien was*
- *Om gereeld dokumente of inligting op kort kennisgewing in te dien*
- *DSD maatskaplike werkers is meestal lui, onbevoeg en net daar vir die salaris.*
- *Taal is n reuse kwessie wat maak dat ek nie daarheen kan verwys nie. Hulle het baie swak werksetiek*
- *Outstanding letters of recommendation. Waiting for 10 months. Not telling truth when confronted. Does not like it when you are outspoken and take them on about things. Gives unrealistic due dates.*
- *Bevele het verval van kinders waar die dept herenigingsdienste lewer.*
- *Geen verslae is by die hof ingegee vir die verlenging van die bevele nie.*
- *Hulle ondersoek bloot net geen sake nie. Ek moes vantevore vier keer dieselfde gesin/ne by hulle aanmeld voordat hulle enigsins reageer*
- *Onprofessionele gedrag.*
- *As ek hoor Dept is die buite mwer wil ek weg hardloop...ek weet daar gaan min tot geen diens gelewer word nie. Jy is op jou eie.*
- *Geen belangstelling in hulle werk nie*
- *Baie praat,min aksie.*
    - *1. Daag nie op vir afsprake*
    - *2. Swak verslae*
    - *3.Laat verslae*
    - *4. Doen geen tuisbesoeke*
    - *5. Uiters rassisties*
    - *6. Kry nie Vorm 30 uitslae*
- *Tydens besoeke aan die hoofkantoor in Johannesburg stuur hul jou van een vloer na 'n ander sonder om te weet presies wat self daar aangaan. Jy word nie gegroet nie en almal sit heerlik en klets tot so 'n mate dat jy hul moet onderbreek om hulp te vra. Die maatskaplike werkers by die Departement het baie min ervaring en weet selde iets as jy hul vra oor 'n basiese prinsiep vd beroep. Hul verslae laat veel te wense en baie kliënte smeek ons dat hul asb nie verwys wil word DSD toe nie want hul kry glad nie dieselfde standaard diens as by ons klein NGO wat rond skarrel vir fondse nie.*
- *Die Dept het glad nie gewerk tydens lockdown nie. Die NGO'S, Dept Gesondheid en Korrektiewe Dienste se Maatskaplike werkers was op die voorgrond en het al die werk hanteer. DSD se Maatskaplike*

Werkers het tot onlangs nog nie voltyds gewerk nie (1 week af en 1 week by die werk). Die ander MW'S moes al die sake hanteer asook die werk wat veronderstel was om deur DSD gedoen te word. Hulle was defnitief NIE FRONTLINE WORKERS NIE!

- *Onwilligheid om te help*
- *Uiters gefrustreerd met hulle en hulle kom met n slapgat houding weg, hul supervisors tree nie op en maak voorbeelde van hulle nie. Uiters swak naam in dorp.*
- *Kom laat vir vergaderings wat hul self reel. Geen terugvoer ten opsigte van sake wat verwys word nie.*
- *Dit vat jare om vorm 30 aansoeke terug te kry en dit belemmer plasings en veroorsaak dat sake sloer en kinders in die sisteem ingesluk word. Mense wat bereid is om pleeg ouers of aanneem ouers te wees verloor moed en sommige instansies gebruik dit as verskoning as sake sloer.*

Swak kommunikasie (19,4%)

- *Moet agter hulle aan bel*
- *Minimale/geen kommunikasie in gevalle waar hul betrokke is by dieselfde saak waarop ek werk.*
- *Onbeskikbaarheid van mense. Sukkel om hulle in die hande te kry."*
- *Geen...jy kry hul nie in die hande! Al vir jaaaaaare in Witbank*
- *Hulle reageer nie op navrae nie.*
- *Reageer nie op eposse nie*
- *Hulle antwoord nie hulle fone nie. Supervisors weier om kliënte te help wat na hulle kantore gestuur word. Daar word geen terugvoering van hulle ontvang ten opsigte van gevalle na hulle verwys nie. Hulle gee net nie aandag aan dringende aanmeldings nie.*
- *Daar is 'n paar MWs wat hard werk en hulle bes doen. Die gevalle ladings is baie hoog en kommunikasie is swak van DSD se kant af.*
- *NPO terugvoer gebeur nooit.*
- *Om mense in die hande te kry. Reaksie op vorm 22. Geen gemeenskapontwikkeling vind plaas nie*
- *Kommunikasie is uiters swak. Daar is so baie technologie tot ons beskikking maar nogsteeds is daar nerens ń sentrale databasis vir kliënte nie en kinders ly daaronder. Niemand word verantwoordelik gehou vir die DSD wat net glad nie omgee nie.*
- *Geen fone word geantwoord nie, personeel kan glad nie opgespoor word wanneer hulle benodig word nie en is totaal onbereikbaar, persele en geboue is in 'n gevaarlike toestand, daar geen personeel beskikbaar by kantore nie, net die sekuriteitswagte by die hek gevolglik kan geen kommunikasie plaasvind nie en dit is asof hulle net glad nie bestaan nie.*
- *Kommunikasie, eposse, telefoon oproepe...as jy wel reaksie kry wil hulle nie help nie*

Swak bestuur (14,5%)

- *Net soos ons hele regering, is die Departement korrupt en word hulpbronne finansies nie reg bestuur nie.*
- *Vergaderings is te lank en niksseggend*
- *Spandeer nie hulle fondse reg nie*
- *Hulle wil alles reguleer*
- *Dreig om subsidie te stop as ons nie deliver nie*
- *Poor planning*
- *Disfunctional*
- *Blatante korrupsie - bv. as ons die M&E wil slaag moet ons koek en goeie koffie verskaf tydens die besoek.*

Subsidies (7,7%)

- *Subsidies te min. Word nooit verhoog nie.*
- *Betaal nie subsidies op tyd.*
- *Laat inbetaling van subsidies.*

- *Betyds subsidies uitbetaal.*
- *Dat alle provinsies dieselfde subsidies betaal.*
- *Late funding for NGO who care for the most vulnerable in the society*
- *Daar word nie op provinsiale vlak onderhandel vir beter subsidies nie. Die ngo moet die werk v d staat doen. Maar hul toon geen begrip as daar nie fondse is nie. Hul ook nie bereid om werk terug te neem om sodoende te help koste besny nie.*

Dwing mag af en is baasspelerig (7,7%)

- *Gebruik hulle mag om goed af te dwing wat onvanpas is*
- *Doen gedurig "investigations"*
- *Hulle is vinnig om NPO's as vennote te noem, maar ons word nie so behandel nie. Ons word ingelig, verplig en aangesê, omtrent nooit gekonsulteer of as professionele gelykes hanteer nie. Wanneer ons opleiding versoek om te weet hoe om dokumente wat deur hulle voorsien is te voltooi, gebeur niks nie.*
- *Soos hierbo genoem. Geen samewerking en hulp om doelwitte te bereik nie. Eerder dreigend en opskortend.*
- *Hulle soek foute, sonder om krediet te gee vir goeie werk nie, bv. Sal deur 'n 100 léers werk en dan fokus op een prosesnota wat nie geteken is nie.*
- *Hulle grootheidswaan, asof hulle beter is as personeel van ander organisasie, bv. jong Maatskaplike Werkers wat geen respek het vir die bestuur van 'n NPO.*

Dra die SACSSP hul belange op die hart?

Byna al die respondente (93%) voel dat dit nie die geval is nie. 118 respondente het kommentaar gelewer:

Hulle doen niks (38%)

Die SACSSP word daarvan beskuldig dat hulle eintlik niks vir die beroep of vir maatskaplike werkers beteken nie behalwe om jaarlikse registrageld te vereis. Daar word nie oplossings gesoek of beding oor enige probleme in die beroep nie en geen ondersteuning gebied waar nodig nie. Daar word nie eers hulp met VPO-punte en opleiding gebied nie en die respondente voel dat hulle nutteloos is en dat hulle verniet registrasiefooi betaal en niks in ruil daarvoor kry nie. Die respondente voel dat die SACSSP hulself in 'n moniterende rol sien en nie in 'n ondersteunende rol nie.

- *Het die afgelope 4 jaar nie eers n kwitansie of registrasiekaart ontvang om te bewys dat ek my registrasiefooie betaal het nie*
- *Doen nie genoeg om vir ons beroep op te staan nie.*
- *Behalwe dat hulle ons registrasies hanteer, sien ek absoluut geen indikasie van wat hulle vir ons doen nie.*
- *Wat doen hul regtig anders as om maatskaplike werkers te registreer met n onvoldoende proses.*
- *Ek moet jaarliks registrasiegeld betaal, maar ontvang geen diens of ondersteuning daarvoor nie - sukkel selfs om 'n kwitansie uit hulle te kry.*
- *In my 43 years of service there is not one thing that i can say that they have done to improve life for social workers. You have to fight for yourself.*
- *Hulle dien regtig net die doel van jaarlikse registrasie, maar bied nie veel dienste of ondersteuning verder nie.*
- *Al wanneer hulle in my lewe 'n rol speel, is as dit betaaltyd is. Verder volg ek die algemene klagtes op sosiale media oor telefone / eposse wat nie beantwoord word nie.*
- *Ek neem self verantwoordelikheid vir my cpd punte, maar moet net aan hul voorskrifte voldoen. Hulle is nie soos 'n sambreel van beskerming nie, eerder soos 'n dreigende wolk wat oor mens hang.*
- *Ek weet werklik nie hoekom hulle bestaan nie. Diens is GEEN. Eers na kritiek op Facebook kry jou kwitansie na maande nadat betaling gedoen is. Hulle antwoord eenvoudig nie e-posse of oproepe nie.*
- *Kry hulle nooit in die hande per telefoon of per epos.*
- *Geen voordele*
- *Hulle antwoord nie hulle fone of emails nie!!!! Wat doen hulle vir ons????*
- *Daar word nie met die Dept onderhandel v verhoging van subsidies nie.*
- *Kan ook nie onbevoegde kollegas by hul aangee nie*
- *Hoor nooit van hulle behalwe wanneer ons jaarfooie moet betaal. OSD steeds 'n probleem na al die jare.*
- *Waarvoor betaal ons SACSSP ???*
- *Ag ek dink nie eers hulle weet dat ek n maatskaplike werker is nie, hulle het geen benul wat in praktyk gebeur nie, en indien jy enige navrae het is hulle nie beskikbaar nie.*
- *Daar word niks van hul kant aangebied om ons werk makliker te maak nie. Betaal baie aan raads gelde en dan moet jy nog betaal vir kursusse vir cpd punte*
- *Kry geen opleidings geleenthede by hulle nie.*
- *SACSSP moet elke jaar betaal word maar mens kry hul nooit in die hande nie, kry nie terugvoer op eposse nie*
- *Hulle maak dit al moeiliker om CPD punte te verdien. Hulle gee nie punte as ander Professies (bv Sielkundige, Arbeidsterapeut) opleiding gee nie. Nie een van daardie mense weet wat in die veld aangaan en verstaan ook nie die konsep van spanwerk met ander professies nie. Ons betaal net omdat ons moet...en nie omdat hulle enige iets vir ons beteken nie.*

- *Hulle doen FISIES niks vir enige iemand nie. Hulle hele bestaan is nutteloos.*
- *Doen niks aan patetiese swak salarisskale van maatskaplike werkers nie.*
- *Ek sien geen geleenthede soos subsidies, salaries, opleidings geleenthede waar die SACSSP opstaan vir ons as maatskaplike werkers nie.*
- *Daar is so baie. Ongelukkig sien hulle hulself in 'n moniterende rol en nie ondersteunend nie.*

Swak kommunikasie (34%)

Die SACSSP is moeilik om in die hande te kry en die maatskaplike werkers voel dat daar slegs met hulle kontak gemaak word of gekommunikeer word wanneer hulle moet betaal. Hulle antwoord ook nie fone of e-posse nie en daar word dikwels nie eers registrasiekwitansies uitgereik nie.

- *Hulle is net deur die bank pateties. Jy kry net kommunikasie as jy moet betaal.*
- *Geen kommunikasie, sukkel met my portal al vir n jaar lank*
- *Ek sukkel so om hul in die hande te kry indien mens iets nodig het.*
- *I've been practicing for 3 years and I still haven't gotten feedback of my certificate I've been emailing them non stop.*
- *Geen kommunikasie. Telefone word nie beantwoord nie.*
- *Kry hulle nooit in die hande per telefoon of per epos.*
- *Swak kommunikasie, vertraagde terugvoer. Wag maande vir diens*
- *Hulle beantwoord nie telefone nie en reageer nie op eposse nie. Webtuiste is heeltyd af of spesifieke inligting ontbreek. CPD is een groot beslommernis, hulle verwag dat jy handleiding invul en kry dan minimale punte vir aanbiedings. CDP goedkeuring vat heeltemal te lank, dieselfde aansoeke by Mediese Raad is 2 bladsye en ek word binne 3 dae geregistreer en kry voldoende punte. Ek spesialiseer in forensiese maatskaplike werk, ons kry geen terugvoer oor die registrasieproses vir spesialisasie nie, my eposse word geignoreer. Om status-rapporte aan te vra, kos R800 en neem maande lank om te kry.*
- *Kommunikasie is swak, behalwe as hulle sake teen jou het.*
- *Ag ek dink nie eers hulle weet dat ek n maatskaplike werker is nie, hulle het geen benul wat in praktyk gebeur nie, en indien jy enige navrae het, is hulle nie beskikbaar nie.*
- *Nooit beskikbaar*

Bewusheid van die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers

Die meeste respondente (81,4%) is bewus van die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers (voorheen genoem die Solidariteit Maatskaplikewerkersgilde) en 44% is lede. Daarby het 25,5% aangedui dat hulle graag lede sal wil wees.

Figuur 8 Bewus van die Solidariteit-netwerk van maatskaplike werkers en is jy 'n lid?





Wat die netwerk meer vir lede kan doen

Die meeste respondente het Solidariteit bedank en gekomplimenteer vir dit wat hulle reeds doen. Hulle is baie tevrede met die diens wat gelewer word en voel dat dit 'n baie goeie instansie is. Hulle is veral tevrede met die opleiding en voel dat die netwerk/gilde baie vir hulle doen.

Heelwat respondente vra egter vir meer bekostigbare opleidingsgeleenthede en ook aanlyn opleiding.

Sommiges vra ook hulp met ondersoeke, soos byvoorbeeld om 'n aksie teen die SACSSP te loods of om te help baklei vir beter salarisse en befondsing of algemene ondersteuning van kwessies en probleme binne die beroep.

53 respondente het kommentaar gelewer:

<u>Dankie vir die goeie werk en hou so aan (32%)</u>

- *Daar is nie iets waaraan ek nou kan dink nie. Dankie vir julle harde werk.*
- *Hulle doen hul bes en dit is genoeg vir my*
- *Tans is ek tevrede met die diens wat gelewer word.*
- *Ek love die Gilde! Baie dankie vir julle ongelooflike werk en opbou van ons professie!*
- *Dink dis 'n puik instansie met wonderlike geleenthede.*
- *Waardeer en geniet die opleidings! Dankie!*
- *Dankie vir PUIK opleiding, met puik administrasie.*
- *'n Drukkie vir elkeen wat betrokke is!!"*
- *Doen reeds baie deur die cpd worksessions. Dankie*
- *Ek is hoogs tevrede met die feit dat daar wel vir die lede professionele kursusse gratis aangebied word, maar sal graag wou sien dat daar nie net van een persoon gebruik gemaak word nie...*

- *As ek mag, noem ek met groot waardering en beskeidenheid dat ek graag n groter verskeidenheid van aanbieders sou wou voorstel.*
- *Julle doen reeds baie vir ons, baie dankie!*
- *Ek is so dankbaar vir die gilde. Julle is fantasties!*
- *Ek is reeds beïndruk met wat ek sover daaruit kry.*

Opleiding en CPD-opleiding (24,5%)

- *Opleiding as die veranderinge in die kinderwet intree*
- *Bekostigbare aanlyn opleiding wat jy in jou eie tyd kan deurwerk*
- *Opleidings geleenthede adverteer*
- *CPD opleiding vir mediese maatskaplike werkers*
- *Ek geniet die gratis CPD opleiding ongelooflik baie. Dis baie welkom.*
- *Baie gelukkig met die cpd opleiding. Darem 'n manier om jouself op goedkoper manier op hoogte te hou en cpd punte te verwerf.*

Ondersoeke (9%)

- *'n Aksie loods om die werksaamhede vd SACSSP te ondersoek.*
- *Meer beroepsondersteuning*
- *Help om die bestaande maatskaplike sisteme effektief te laat werk.*
- *Help baklei vir beter salarisse, beter samewerking van hul kant af*
- *Ja, ondersoek die publiek se klagtes teen die maatskaplike werkers, en bring jou kant sodat die skuim verwyder kan word uit die industrie, sodat die kinders gehelp kan word.*

Samevatting

Duidelike en sterk temas het deurgans uit hierdie ondersoek en in die verslag uitgestaan.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bied min ondersteuning aan maatskaplike werkers en word as swak en onbevoeg bestempel. Die Departement doen nie wat van hulle verwag word nie en is eerder geneig om te kritiseer en baas te speel as om te help of te ondersteun. Maatskaplike werkers word nie versterk en bemagtig om hul werk te doen nie. Daar is nie fisiese bystand in terme van fondse, subsidies, goeie salarisse of algemene hulpbronne nie, maar ook nie steun en bystand ten opsigte van kennis, raad, beskerming en die aanpak van probleme in die beroep nie.

Die verhouding tussen maatskaplike werkers en die Departement is reeds verswak en afgebreek. Daar is nie meer sprake van die vertrouensverhouding en samewerkingsverhouding wat daar behoort te wees tussen die Departement en maatskaplike werkers nie. Hulle doen nie eers die moeite of toon nie die basiese respek om hul telefone of e-posse te beantwoord nie, so hoe kan hulle met ernstige sake vertrou word? Daar bestaan 'n algemene opvatting dat hulle nie omgee vir maatskaplike werkers of hulpbehoewende kliënte nie en ook nie hul belange op die hart dra nie. Hulle tree stadig op, sloer met administrasie, daag nie op vir afsprake, vergaderings of hofverrigtinge nie en gee nie terugvoer nie.

Daar is aanduidings dat daar ook 'n kulturele en moreel/etiese verwydering tussen maatskaplike werkers en die Departement is. Gevalle en situasies word nie in dieselfde lig gesien nie en verwagtinge rakende hoe werk gedoen moet word en werksetiek verskil fundamenteel. Daar was 'n paar opmerkings van rassisme en enkele maatskaplike werkers wat voel dat hulle as wit mense nie met respek hanteer word nie, maar met 'n "houding". Daar is sekere mense of organisasies wat meer hulp of subsidies kry as ander, maar dit het nie as 'n wesenlike kwessie of sterk tema uitgestaan nie.

Maatskaplike werkers het ’n diepgewortelde passie en roeping om mense te help en ’n verskil in hul lewens te maak. Nie almal wil of kan hierdie beroep volg nie. Hulle werk met die mees uitgelewerde, kwesbare en behoeftige mense en gemeenskappe. Dit is al wat hulle wil doen, dit is hul lewensmissie, en die Departement is besig om dit dood te druk met hul houding, dubbele standaarde, swak werk, bitter min hulpbronne, swak subsidies en salarisse en onrealistiese vereistes. Dit klink logies dat hulle al die ondersteuning en hulp moet kan kry wat nodig is. Die teendeel is egter waar.

Die vraag ontstaan waarom daar dan eintlik ’n Departement of ’n SACSSP bestaan, of in hul huidige vorm bestaan. Hierdie rade veroorsaak meer probleme en skep meer uitdagings as wat hulle konstruktief tot die beroep toetree om maatskaplike werkers en hulpbehoewende mense by te staan en te ondersteun.

Hierdie verslag bring ’n skande aan die lig. Daar word ’n onreg teenoor mense in nood gepleeg asook teenoor die mense wat daar is om te help.

Die Department se houding en ingesteldheid, swak werk en min omgee vir kliënte en maatskaplike werkers veroorsaak direk dat maatskaplike werkers uitgebrand, moedeloos en doodmoeg gesukkel is om hul werk te kan doen. Hulle het hoë gevalleladings en is oorwerk. Hulle moet op ’n daaglikse basis krisishantering doen en met min hulpbronne, finansiële ondersteuning of emosionele ondersteuning en hulp oor die weg kom.

Sommiges is so moedeloos dat hulle daarvan praat om ’n loobaanverandering te maak. Die gevolge van al die aspekte wat genoem word, wat daarop dui dat die Departement glad nie maatskaplike werkers se belange op die hart dra nie, is dat baie maatskaplike werkers negatief en hulpeloos voel.

Sommige maatskaplike werkers het self genoem dat hulle oorwerk en uitgebrand is. Hulle begin twyfel of dit alles die moeite werd is. Baie voel reeds negatief en ervaar ernstige werkstres, en hul passie begin om in ’n las te verander. Van hulle het die volgende geskryf:

- *Maatskaplike werkers is oorwerk, het hoë gevalleladings en word swak betaal.*
- *Maatskaplike werkers brand uit weens krisishantering op n daaglikse basis.*
- *Maatskaplike werkers word nie beskerm teen moeilike kliënte nie en hul lewens is soms in gevaar.*
- *Die Departement staan nie op vir maatskaplike werkers wanneer dit nodig is nie.*
- *Immense work stress*
- *Dit was 'n passie,nou is dit 'n hoofpyn. Na 19 jaar kyk ek uit vir 'n beroepsverandering.*
- *Ek voel om weg te hardloop! Maar waarheen?*
- *Ek staan reeds 32 jaar in die beroep waarvan ek vir ongeveer 30 jaar geen supervisie ontvang het nie. Ek voel baie alleen en afgeplat.*
- *Trauma berading*
- *Oplossing teen uitbranding*
- *Ondersteuningsnetwerke wat mwrs teen uitbranding beskerm.*
- *Hulpbronne onbekombaar, wat dit baie moeilik maak om mense by te staan en hulp te verleen - lei dikwels tot gevoel van magteloosheid en uiteindelik uitbranding.*
- *Hulle (die Departement) maak my skaam vir my beroep.*